

Kuns en Vermaak

DUMILE SKEP

FANTASIEWÊRELD OP DOEK

GALERY 101: Dumile.

MET sy vreemde persoonlike beskouing, sien Dumile die mensdom as verdraaide, vervolgte kreature in 'n nagmerrie-wêreld. Soms is dié wêreld oordrewe, partykeer meer soos die alledaagse, maar sonder uitsondering word alles wat die kunstenaar sien, in 'n fantasiewêreld omskep.

Vreemd genoeg word die teken en perspektief van Dumile, wat nog nie heeltemal selfversaker is nie, saamgeweef in 'n ontzagwekkende dekoratieweit vanweë die vrymoedigheid en die vars, harde beskaduing.

Waar die growwe tekstuur van die beskaduing kortkom, neig die werk om slegs ongegewoon in plaas van prikkelend te wees . . . soos dit veral die geval is in die geweldige tekening wat die hele uitstalling domineer. Dié omvang daarvan — deur twee velle papier van 40 duim aan mekaar te las — vergroot slegs die feit dat dit een van Dumile se mees ongeinspireerde werke is.

Deur homself op so 'n groot skaal uit te druk, het dié kunstenaar sy individualiteit opsy gelaat, en is die groot werk slegs indrukwekkend vanweë die grootte daarvan.

DEKORATIEF

Die werke op hierdie uitstalling is baie verder gevorderd as dié op sy eerste uitstalling, bietjie langer as 'n jaar gelede. Daar is naamlik kragvolle dekoratieweit en sterk patroon-

definisie waar dit voorheen slegs effektief was vanweë die individuele siening eerder as tegniese kundigheid.

Dekoratieweit, indien 'n mens sy werk wel dekoratief mag noem, is die sterkste eienskap: waar hy probeer om 'n meer alledaagse toneel aan te pak, verloor hy nie alleen sy individualiteit nie maar toon hy ook sy onsekerheid sover as wat dit perspektief aangaan.

Dit is moeilik om die verbassende vermoë van die jong kunstenaar op te som, want sy jeugdigheid en onsekerheid oor tekenstrukture, verander in lewendige hartstog in sy dekoratiewe panele.

SPOOKAGTIG

Daar is 'n atmosfeer van spookagtige oerwoude en getoorde kreature in sy suksesvolste komposisies. Hoewel hulle neig tot aardse seksualiteit, simbolies gesproke, bevry sy vlugtig-naïewe tekenkrag hulle van enige kruheid.

Dié ongewoon dramatiese panele kon baie maklik geweldige illustrasies vir een of ander fabel oor groteske mense in 'n wêreld waar ewige duister heers, wees: die verdraaide boomtakke en -wortels, die arms, bene en bolywe van die mense, tower 'n evolusie van

lewe in embriovorm op — dit ontwikkel nooit tot werklike lewe of lig nie, maar bly gedoem tot rondkrul in 'n hopelose warboel.

As kunstenaar is Dumile ietwat uniek, want geeneen van die aanvaarde reëls vir vakmanskap kan op sy tekeninge toegepas word nie. Sy persoonlike vasbeslotenheid het met 'n mindere tekenvermoë werke van verstommende sterkte en individualiteit gelewer.